

3 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 4:23-31

Fokusgedeelte: Handeling 4:24, 31

Gebod help as die owerhede die kerk bedreig

In Handeling 3 lees ons die geskiedenis van Petrus en Johannes wat op pad is na die tempel in die tyd van die gebed en hoe hulle toe 'n verlamde man genees het. Hiervoor word hulle egter gevang en ernstig gedreig (4:21).

Hulle word egter weer vrygelaat, nadat hulle verbied is om die evangelie te verkondig. Telkens lees ons egter dat hulle oor hierdie nuwe bedreiging gebed het. In vers 24: "Toe hulle dit hoor, *het hulle almal saam tot God gebed ...*" In vers 29: "*En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons.* Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. ³⁰Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus."

In vers 31 lees ons van die wonderlike uitkoms wat God as verhooring van hulle gebed gee: "*Nadat hulle gebed het*, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig."

Die kerk was in 'n krisis: die owerheid het hulle verbied om die evangelie te verkondig. Hulle gaan sit egter nie in sak en as nie, maar bid daarvoor. God verhoor hulle gebede, almal word met die Heilige Gees vervul en daarna verkondig hulle die Woord sonder om bang te wees en met vrymoedigheid.

Bid vir die volgende:

- Dat ons ook vaste gebedstye sal hê (3:1).
- Dat ons aan God meer gehoorsaam sal wees as aan mense (4:19).
- Dat ons vir die verkondiging van die Woord sal bid (4:29).
- Dat God ons met sy Gees sal vervul en dat ons ook met vrymoedigheid die Woord sal verkondig.

Sing: Psalm 2:1, 6 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)